

Erekode vir leiers

Efesiërs 4:1-2

Wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid. met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra.

As een van die leiers van hierdie skool is my opregte strewe om my steeds te beywer om:

1. Verantwoordelik te lewe
 - tot eer van my God
 - in diens van my Vaderland
 - in diens van my Skool
2. My medemens te respekteer en te gehoorsaam
3. Te voldoen aan die hoë eise wat gestel word deur altyd betroubaar, opreg en grootmoedig te wees.
4. Te alle tye 'n navolgingswaardige voorbeeld deur voorkoms, woord en daad te stel.
5. Getrou en stiptelik alle pligte aan my opgedra na die beste van my vermoë uit te voer
6. Selfs onder die moeilikste omstandighede beleefd, blymoedig en vriendelik te wees.
7. Om so te leef dat ander in my lewenswandel die verpersoonliking van ons skool se leuse kan bespeur nl:

WERK EN WEN